Posbus 107, Durbanville 7551
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Tel : 021 975 6370
www.durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

5 Junie 2020

Pastorale brief van die kerkraad aan die lidmate van Durbanville Gemeente:

Ons kan nie kerk toe gáán nie, maar ons kan die kerk wéés

Liewe gemeente,

Ons vertrou dat dit met julle goed gaan en dat julle in hierdie Pinkstertyd die nabyheid, troos en versterking van die Heilige Gees op ‘n besondere wyse beleef.

Die kerkraad wil graag ‘n paar gedagtes met julle deel na aanleiding van die Vlak 3-inperking wat ons land nou binnegaan en die gepaardgaande werksaamhede van ons gemeente.

Nadat die President aan die einde van Maart aangekondig het dat byeenkomste van minder as ‘n 100 mense toelaatbaar is, het ons gemeente besluit om selfs verder te gaan as wat wetlik vereis is en ons eredienste slegs deur middel van verskillende elektroniese media uit te saai. Dieselfde beginsel geld steeds vir die Vlak 3-inperking waarin eredienste van minder as 50 mense wetlik toelaatbaar is.

Die regering het kerke wat wél toegang het tot elektroniese hulpmiddels versoek om eerder voort te gaan om eredienste uit te saai. Ons besef dat daar kleiner gemeentes is wat hoegenaamd geen toegang het tot elektroniese hulpmiddels het nie en ons respekteer dit as hulle sou besluit om wel eredienste op ‘n veilige wyse te hervat.

Ons wil natuurlik as goeie landsburgers gehoorsaam wees aan ons landswette, maar ons diepste dryfveer is ons liefde vir ons naaste. Dit beteken dat ons hier steeds verder wil gaan as wat die landswette vereis en als in ons vermoë doen om ons naaste se belange op die hart te dra en te dien.

Ons besef dat baie van ons lidmate, veral ons senior lidmate, ongelukkig nie toegang tot al die elektroniese hulpmiddels het nie. In lig hiervan, doen ons als in ons vermoë om op ander maniere by hulle uit te kom en te dien. Indien ons egter fisiese eredienste sou hervat, sal dit juis hierdie lidmate in gevaar stel, want dit is hulle wat die kwesbaarste is en ter wille van hulle eie gesondheidsrisiko’s nie eredienste moet bywoon nie.

Dit is wetenskaplik oor en oor bewys dat eredienste en ander kerklike byeenkomste superverspreiders van die koronavirus is. Daarom, indien gemeentes wel besluit om eredienste te hou, sal dit ook nie soos “normaal” kan verloop nie, maar sal die volgende maatreëls getref moet word:

- Minder as 50 mense
- Almal dra maskers te alle tye
- Geen sang nie
- Geen rituele wat die virus kan oordra nie – dus geen nagmaal of doop nie
- Tussen elke erediens moet die hele kerkgebou weer volgens voorskrif ontsmet word.

Ons is baie dankbaar dat ons met behulp van elektoniese hulpmiddels wel daartoe instaat is om voort te gaan met ons eredienste, Bybelstudiegroepe, Lering-kursusse, Paasfeesvieringe, Pinksterreeks, Kategese-klasse en vergaderings.

Ons is ook geweldig dankbaar vir die getroue wyse waarop gemeentelede steeds dankoffers op ‘n elektroniese wyse gee of eenkant hou om later in te betaal. Die Here seën ons gemeente!

Verder het ons gemeente die wonderlike voorreg om in hierdie tyd diensbaar te bly. Die interkerklike voedingskema waarby ons ten nouste betrokke is en wat tans kospakkies in ons Gemeentesentrum verpak, het nou al meer as R1 miljoen se kospakkies versprei!

Die kerkraad het ook geld bewillig om lidmate wat in finansiële nood verkeer te ondersteun. Sulke lidmate kan gaan kos koop met ‘n Spar-kaart waarop daar geld gelaai is. Ons doen ‘n beroep op ons lidmate om by te dra tot hierdie Covid-19 Noodfonds en om julle professionele dienste *pro bono* aan te bied vir lidmate wat in ‘n krisis verkeer.

So, al kan ons nie kerk toe gáán nie, hou ons aan om die kerk te wées!

Dr. Coenie Burger het in sy boek, *Gemeentes in die kragveld van die Gees*, gesê dat kerkwees bestaan uit die volgende elemente: *Kerugma* (Woordverkondiging), *Diakonia* (diens), *Koinonia* (gemeenskap van gelowiges) en in die hart van dit alles: *Leitourgia* (aanbidding).

Ons is baie dankbaar dat ons gemeente dit tot dusver kon regkry – weliswaar op nuwe en vreemde maniere – om op al hierdie terreine steeds kerk te wées. Nietemin mis ons mekaar verskriklik baie en verlang ons hartstogtelik na die dag wanneer ons dit weer alles sáám sal kan doen.

Ons leef in onseker en veranderende tye. Die kerkraad sal aanhou om saam met julle oor al hierdie sake te dink, te gesels en te bid. Ons wil graag julle terugvoer ontvang oor watter van die hulpmiddels julle ontvang en watter nie, asook wat julle belewenis daarvan is. Dit sal ons help om aanpassings te maak. Om hierdie inligting te bekom, versoek ons julle om asseblief die aangehegte vraelys te voltooi en aan die kerkkantoor terug te stuur teen Maandag 15 Junie.

In die eerste week van Julie sal ons weer met julle kommunikeer in lig van die inligting hierdeur bekom. In elke nuwe situasie is ons diepste hartsbegeerte om getrou te bly aan ons roeping: Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld.

Ons harte gaan uit na ons gemeentelede wat in hierdie tye angs en eensaamheid ervaar, wat onder geweldige druk werk en in finansiële nood verkeer, wat bekommerd is oor hulle familielede en self ook kwesbaar of siek is.

Ons wil julle weereens versoek om ‘n hand uit te steek na die predikante en mede-lidmate, sodat ons met mekaar kan kontak maak, mekaar wedersyds kan bemoedig en ondersteun, en sodat ons vir mekaar kan bid.

Mag die Here julle seën en julle bewaar, mag die Here tot julle redding verskyn en julle genadig wees, mag die Here julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.

Die kerkraad